## 3 April — Handelinge 1:1-8

### *God gee krag om getuie te wees*

Wat 'n boodskap het ons nie om deur te gee aan ander! Ons kan dit uitbasuin dat God ons nog steeds kans gee om tot ons sinne te kom. En om sodoende die verskriklikheid van 'n ewige verdoemenis vry te spring. Die Here kan ons gebruik om verskil te help maak in die lewe van familie en vriende. En ons swyg jou werklikwaar. Hoe is dit moontlik?

Vrees kan 'n rede wees - vrees dat mens nie reg aan die boodskap sal laat geskied nie. Dat jy van jouself 'n gek sal maak. Dat jy mense van jou sal vervreem. En dat jy in elk geval eerder mense nog verder van die Here sal wegstoot as dat jy hulle nader trek. Is dit dalk een van die redes waarom u stilbly? Waarom u nie uitgaan op besoeke aan buite-kerklikes nie? Of in 'n hospitaal van bed tot bed gaan of van saal tot saal?

Dit sal ons almal goed doen om vir onsself steeds toe te eien wat die Here aan die apostels gesê het: Julle sal krag ontvang wanneer die Heilige Gees oor julle kom. Die Gees wat die apostels onfeilbaar gelei het, gee aan ons alles wat ons nodig het om deur te gee wat ons van hulle ontvang het. En so kom dit dat mens vanuit 'n lewende verhouding met die Here oor Hom kan praat. Dan doen jy dit met vrymoedigheid en met liefde, selfs teenoor dié een wat sinies en neusoptrekkerig is.

Toe die dissipels dit besonder moeilik gehad het, het hulle saamgekom en gebid: Here, gee aan u diensknegte om met alle vrymoedigheid u Woord te spreek (Hand 4:21-30).

En hulle is almal opnuut vervul met die Heilige Gees en het die Woord van God met vrymoedigheid gespreek (vers 31).

Die Gees maak ook die harte van diegene wat na jou luister ontvanklik. Vandaar dat 3000 van daardie Jode tot ander insigte gekom het. En hoe fanaties anti-Jesus was hulle nie! En nadat hulle gedoop is, kon hulle nie genoeg kry van alles wat die apostels oor die Here te sê gehad het nie. Saam is hulle ook versterk in hul geloof deur hulle deelname aan die nagmaalsvieringe. Saam het hulle die behoeftiges versorg. En saam het hulle gebid.

Kom ons getuig. God sal krag gee.

Sing: Psalm 105:1

Ds. M.P. Kruger (De Hoop-sending)